# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 31 Mei 2019*

***"'It is better to fail in originality than to succeed in imitation" Herman Melville***

## SITRUS BESIGHEIDSBESTUUR KORT KURSUS

Die Citrus Academy is besig met die Sitrus Besigheidsbestuur Kort Kursus. Die kursus is daarop gemik om opkomende sitrusprodusente oor die beginsels van sakebestuur in te lig. Die kursus sal in 5 streke, tussen Julie en Oktober 2019, aangebied word. Om te registreer, besoek die Citrus Academy se webwerf by www.citrusacademy.org.za. Vir navrae, e-pos sive@citrusacademy.org.za

## WELKOM TERUG MINISTER DIDIZA

Die sitrusbedryf wil graag vir Minister Didiza terug by die huis verwelkom. In haar vorige bedeling as ons Minister, was minister Didiza instrumenteel in die verkryging van toegang tot China (Sampson Qomondi (van Mariveni) en ek het die Minister op een van haar besoeke na China vergesel) en was aktief by marktoegangskwessies betrokke. Ons sien uit daarna om saam met die Minister en haar departement te werk om die geleenthede aan te gryp en uitdagings wat ons bedryf in die gesig staar, aan te spreek. Daar is baie werk wat gedoen moet word - en saam kan ons dit beter doen. Die bedryf verwelkom ook Minister Patel in die nuwe ministerie wat handel insluit – Minister Patel het onlangs in 'n radio-onderhoud oor die positiewe aspekte van die sitrusbedryf uitgewei. Hy is uitgenooi om die bedryf te besoek om eerstehands, dit wat op grondvlak plaasvind, te sien.

## HLB – ASIATIESE VERGROENING

Een vraag wat ek dikwels gevra word, is: "Wat is die bedreigings van Suider-Afrika se sitrusbedryf?". Sonder twyfel moet een van die grootste bedreigings HLB of Asiatiese Vergroening wees. Dr Vaughan Hattingh, HUB van CRI, het die ontstellende nuus aan die CGA Sitrus Summit gegee dat "dit is nie as HLB in Suider-Afrika opduik nie, maar wanneer". Op Woensdag hierdie week, het DAFF die eerste HLB-bestuurskomitee-vergadering gehou, bygewoon deur DAFF, CRI, CGA en verteenwoordigers van kwekerye. JanHendrik Venter het hierdie vergadering uitstekend gelei wat alle aspekte van die HLB-aksieplan gedek het. Daar is baie om te doen - en die lede van die komitee is getaak om kwessies deur 'n aantal aksies aan te spreek, insluitend bewusmaking, monitering en vinnige reaksie, diagnostiek, wetgewing en hulpbronne. Produsente word gevra om spesiaal kennis te neem van inligting wat binnekort gestuur sal word. Bewusmaking, en die gepaardgaande "oë op die grond" sal met vroeë opsporing en vinnige reaksie help.

## GEPAK EN VERSKEEP

Hierdie afgelope week het die Valencia en Nawel Fokusgroepe 'n gesamenlike vergadering gehou – die NFG se voorspelling is onveranderd van die oorspronklike skatting, terwyl die VFG 'n vermindering van 0.5 miljoen kartonne van die oorspronklike skatting voorspel het.

| Miljoen Kartonne tot einde Week 21 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2017** | **2018** | **2019** | **2018** | **2019** | **2019** | **2019** | **2018** |
| Pomelo's | 8.6 m | 7.6 m | 8.2 m | 4.4 m | 5.2 m | 17.1 m | **15.7 m** | 18.8 m |
| Sagte Sitrus | 4.5 m | 4.9 m | 4.6 m | 4.3 m | 3.6 m | 18.3 m | 17.8 m | 16.2 m |
| Suurlemoene | 8.2 m | 8.9 m | 7.8 m | 7.4 m | 5.5 m | 22 m | 21.4 m | 19.9 m |
| Nawels | 4.3 m | 4.3 m | 3 m | 2.9 m | 1.5 m | 26.9 m | 26.9 m | 26.7 m |
| Valencias | 0.4 m | 0.1 m | - | - | - | 52.9 m | **52.4 m** | 54.4 m |
| **Totaal** | **26 m** | **25.8 m** | **23.6 m** | **19 m** | **15.8 m** | **137.2 m** | **134.1 m** | **136 m** |

**DIE CGA GROEP SE MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**